HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 99 van 2026**

10 September 2026

Geagte Randjie-ouer/-voog en -netbalspeler

Hiermee die netbalkostes vir volgende jaar. Ons sien ongelooflik baie uit na 2027 en is opgewonde oor wat vir ons netbal voorlê. Ons begin nou met 'n afseisoen-program tot en met einde November. Sluit asseblief aan by hierdie groepie vir al die inligting in hierdie verband:

https://chat.whatsapp.com/Ip3P1rjBMjr9aGGGoQEgVE?s=sh&p=i&mlu=4&ilr=4

**Ons beplan sover drie belangrike geleenthede in 2027:**

- 'n Netbalkliniek en toernooi by *Jen's Netball* te Zwartkloof vir al ons netbalspanne. Die koste is **R2 740** per speler. Die kliniek/toernooi vind van 2 tot 4 April 2027 plaas. Dit sluit drie dae en twee aande se verblyf, vervoerkostes, vyf maaltye en afrigting deur Jenni-Lee Deport en haar span, sowel as wedstryde in. Hierdie kliniek/toernooi vind plaas na die oefengroepe aan toernooie deelgeneem het en die spanne vir die seisoen vasgemaak is. Dus gee hierdie kliniek/toernooi elke span die geleentheid om spanbou te doen en om belangrike baanwerk en spelpatrone te leer en in te oefen voor die groot liga begin.

  Die sluitingsdatum vir inskrywings is **31 Januarie 2027**. **Geen** inskrywings of terugbetalings sal na hierdie datum geskied nie, aangesien getalle reeds bevestig is. Geen UITSONDERINGS.

  Die volle bedrag is teen 28 Februarie 2027 betaalbaar.

- Die Menlo netbaltoernooi van 18 tot 22 Maart 2027 is vir die A-oefengroepe (tien spelers per o. 14- tot o. 17-span en tien spelers per Eerste span). Senior spanne sal teen 31 Januarie 2027 gefinaliseer wees en die junior oefengroepe sal teen 5 Maart 2027 gefinaliseer wees. Kostes beloop **R4 400** per speler. Dit sluit verblyf, ontbyt, vervoer en toernooigelde in. Middagetes en aandetes is vir eie koste en sal per span besluit word nadat al die opsies met die spanne gedeel word. Indien u van die afbetaling gebruik gemaak het en u dogter teen 31 Januarie 2027 en 5 Maart 2027 nie deel van die A-span oefengroep is nie, sal gelde soos reeds betaal óf aan u terugbetaal word, óf vir skoolfonds aangewend word. U kan net, indien nodig, 'n e-pos met u keuse en bankbesonderhede stuur.

- Ons eie Hoërskool Randburg netbaltoernooi vir alle B- en C-spanne (o. 14- tot Tweede span). Die toernooi vind op 19 en 20 Maart 2027 plaas. Die koste vir 'n Randjie is **R300.00** per speler en teen 28 Februarie 2027 betaalbaar.

  - Totale koste vir voorlopige A-spanne = **R7 140**
  - Totale koste vir voorlopige B- en C-spanne = **R3 040**

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

**Afbetaling oor ses maande:**

| | |
|---|---|
| Voorlopige A-spanne {o. 14- Eerste span} 2027 | R7 140 / 6 maande = R1 190 per maand Sep. '26 – Feb. '27 |
| Voorlopige B- en C-spanne 2027 | R3 040 / 6 maande = R507 per maand Sep. '26 – Feb. '27 |

**KOSTES:**

| NETBALKLINIEK / TOERNOOI \| AFBETALING | | |
|---|---|---|
| Netbalkliniek / -toernooi \| Al die spanne \| 2 tot 4 April 2027 \| R2 740 per speler | | |
| Maandelikse bedrag betaalbaar (Netbalkliniek / -toernooi) | | |
| 1 | 30 September 2026 | R457 |
| 2 | 31 Oktober 2026 | R457 |
| 3 | 30 November 2026 | R457 |
| 4 | 31 Desember 2026 | R457 |
| 5 | 31 Januarie 2027 | R457 |
| 6 | 28 Februarie 2027 | R455 |
| | **Totale bedrag betaal** | **R2 740** |

| MENLO NETBALTOERNOOI \| AFBETALING | | |
|---|---|---|
| Menlo Netbaltoernooi \| A-spanne \| 18 Maart tot 22 Maart 2027 \| R4 400 per speler | | |
| Maandelikse bedrag betaalbaar (Menlo Netbaltoernooi) | | |
| 1 | 30 September 2026 | R734 |
| 2 | 31 Oktober 2026 | R734 |
| 3 | 30 November 2026 | R734 |
| 4 | 31 Desember 2026 | R734 |
| 5 | 31 Januarie 2027 | R734 |
| 6 | 28 Februarie 2027 | R730 |
| | **Totale bedrag betaal** | **R4 400** |

| BEIDE NETBALKLINIEK en MENLO NETBALTOERNOOI \| AFBETALING | | |
|---|---|---|
| Netbalkliniek en Menlo Netbaltoernooi (A-spanne) \| 2 tot 4 April 2027 en 18 Maart tot 22 Maart 2027 \| R7 140 per speler | | |
| Maandelikse bedrag betaalbaar (Netbalkliniek en Menlo Netbaltoernooi) | | |
| 1 | 30 September 2026 | R1 190 |
| 2 | 31 Oktober 2026 | R1 190 |
| 3 | 30 November 2026 | R1 190 |
| 4 | 31 Desember 2026 | R1 190 |
| 5 | 31 Januarie 2027 | R1 190 |
| 6 | 28 Februarie 2027 | R1 190 |
| | **Totale bedrag betaal** | **R7 140** |

| HS RANDBURG NETBALTOERNOOI \| BETALING | | |
| --- | --- | --- |
| HS Randburg Netbaltoernooi \| B- en C-spanne \| 19 en 20 Maart 2027 | | R300 per speler |
| 1 | 28 Februarie 2027 | R300.00 |
| | **Totale bedrag** | **R300.00** |

**Neem asseblief kennis van die volgende:**

U is nie verplig om van die betalingsopsie soos hieronder uiteengesit, gebruik te maak nie. Die eerste betaling sal as plekbespreking vir die kamp dien, tensy anders vermeld. Vul asseblief ook die *Google* vorm in om plek vir die netbalkliniek te bespreek.

**https://forms.gle/A53n7Kwd6dE6HGoTA**

**Betaling word op die volgende wyses hanteer:**

- Bankbetaling in die skoolrekening met verwysing as volg:


**Bank:** **ABSA Randburg**
**Takkode:** **632005**
**Tjekrekening:** **170 680 065**

**Verwysing:**


- Huidige leerder/s - Leerder Toelatingsnommer, Naam en NB-2027 **bv. 12345,Nina,NB-2027**
  2027 Graad 8's - NB8-2027,Naam van die leerder **bv. NB8-2027,Nina**
  **DIT IS UITERS BELANGRIK OM DIE REGTE VERWYSING TE GEBRUIK.**
  E-pos die bewys van betaling **SLEGS** aan – **betalings@hsrandburg.co.za**
  geen ander e-posse nie, slegs **EEN** e-pos na die skool per betaling, asseblief.

- Kontant- of kaartfasiliteite is by die skool se finansieskantoor beskikbaar.

Vriendelike Randjiegroete



G. Labuschagne
Netbalorganiseerder



P. Booysen
Skoolhoof